# Beste Praktyke vir Lenteparing

Gawie van Wyk, NWKV Produksie Adviseur, Carnarvon, Noordkaap

Sel: 0832703161 ; Epos: gvw@hantam.co.za)

---

Lenteparing geskied vanaf September tot en met Desember. By skape is dit bevind dat hulle ŉ vrugbaarheidskurwe het wat piek in die herfs en dit is op die laagste in die lente. Die belangrikste rede waarom in die lente gepaar word, is dat die moontlikheid beter is dat daar beter weiding sal wees wanneer die ooie in die herfs lam. Dit verskil egter van winter tot somer reënval gebiede.

**Besetting**

Dit is van kardinale belang vir alle boere wat in die lente paar om die hoogste moontlike besetting van hul ooie te kry. Daarom is dit belangrik om vroegtydig reg te beplan en te bestuur.

**Beste Praktyke**

1. **Ramme**. Sorg dat daar genoeg ramme is en maak seker dat hulle gesond, vrugbaar, fiks en in ŉ goeie kondisie is. Ramme behoort reeds twee maande voor paring voorberei te word.
2. **Ooie**. Ooie moet in gewig toeneem voor paring. Spaarkampe kan as prikkel gebruik word of byvoeding kan gegee word indien die veldtoestande nie na wense is nie. Weeg 10 ooie in die trop en merk hulle. Doen die weging weekliks om te bepaal of die ooie in gewig toeneem. Indien hulle nie toeneem in gewig nie, sal dit raadsaam wees om byvoeding te gee. Ooie moet ook in ŉ goeie kondisie wees.
3. **Koggelramme**. Navorsing het bewys dat die gebruik van koggelramme ŉ verhoging van tot 10 % in besetting kan meebring. Koggelramme moet ongeveer 10 dae voor paartyd by ooie gesit word.
4. **Gesondheid.** Dit is baie belangrik dat die ooie en ramme gesond moet wees. Inwendige parasiete kan bekamp word deur ŉ breëspektrum middel te doseer. Neuswurm is seker een van die belangrikste parasiete wat ŉ effek op ooie en ramme kan hê tydens paring. Augustus maand is ŉ goeie tyd om hiervoor te doseer. Uitwendige parasiete soos bosluise en brommeraanvalle moet streng bestuur word.

5. **Ander gebruike**. Baie boere doseer hulle ooie en ramme vroegtydig met veral minerale en middels soos koringkiemolie wat die saadvorming by ramme en die eierselvorming by ooie aanhelp.
6. **Paring.** Dit is belangrik om jong ooie apart met ouer ervare ramme te paar. Gedurende die paartyd kan ramme ook vervang word met vars ramme indien dit beskikbaar is. Let ook op vir ramme wat tydens paring beserings opgedoen het of siek raak en vervang hulle so gou as moontlik met nuwe ramme. Drie ramme per 100 ooie is die mees aanvaarbare praktyk.
7. **Hantering**. Probeer om die ooie tydens paring so min as moontlik te hanteer of lang afstande aan te jaag. Dit is ook raadsaam om nie ooie van kampe te verander tydens paring nie, aangesien dit stres kan veroorsaak met moontlike resorpsie van die bevrugte eierselle.
8. **Water**. Genoegsame en skoon drink water is belangrik. Die toevoer van die water moet goed wees, sodat diere nie by waterkrippe saamdrom en lê nie.
9. **Kampe**. Dit sal raadsaam wees om nie in te groot kampe of bergveld kampe te paar nie. Ooie behoort nie te ver afstande per dag te loop op soek na weiding nie. Daar is boere wat glo dat deur die ooie een keer per week te kraal ook kan bydra tot 'n hoër besetting.

CAPE WOOLS SA
NWKV NWGA

*Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.*

-ooOOoo-